**KOM ONS SIT DIE FEES TERUG IN KERSFEES**

Is dit nie wonderlik dat ons die jaar met ‘n FEES kan afsluit nie? Gedurende die afgelope 12 maande moes baie van ons bitter pille sluk, tog roep God ons op om op die sewende laaste dag bymekaar te kom en fees te vier.

Waarom fees vier? Omdat Hy besig is om vir ons 'n pragtige toekoms, ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde te bewerk, 'n habitat waarin geregtigheid sal woon. Ja, dit is waarheen ons op pad is. So, al is die pad met dorings besaai, word ons van ons aardse besittings beroof, pyn ons liggame weens ongewone siektes, weet ons dat dit van korte duur is. En wat meer is, ons kan elke nou en dan ‘n lekker hap van daardie koek nou al geniet.

Dink net aan die Paradys waarin God saam met Adam en Eva gewoon het. Dit was pure genot; heerlike vrugte, koeltebome, vier riviere wat deur die tuin gekabbel en ‘n mis wat uit die aarde opgetrek en dit 24/7 bevogtig het. Harde werk het nie bestaan nie. Geen wonder dat Hulle/hulle drie so lekker kon sit en gesels nie.

Toe kom die sonde en daar stort alles wat mooi is ineen. Die Tuin word nie meer gediens nie en dorings en dissels neem oor. Die bome se vrugte word sleg en val op die grond. Die res word deur die ape opgeët. Die leeu storm op die koedoe af en Adam moet haastig vir hom padgee waar hy in die bloedige son swoeg om met ‘n hout pik die dorre aarde om te keer om ‘n paar mieliepitte in die grond te kry. Eva se hare hang in toutjies en die sweet tap van haar voorkop af terwyl sy kaalvoet deur die bloudissels strompel om groentesade te versamel want hulle mae gor dikwels van die honger. Skielik moet sy wegspring of die sissende slang pik haar in die hakskeen. Sy snou hom ‘n liederlike woord toe en kyk dan haastig rond of God haar nie gehoor het nie, maar nee Hy is weg, vêr weg na Sy pragtige hemel.

Na verloop van tyd gebeur daar tog ‘n wonderlike ding, Eva verwag ‘n baba, maar Adam wat die geboorte van diere gadeslaan het, raak so verbouereerd dat hy haastig padgee. Toe verskyn die God van genade eensklaps aan die angstige moeder en staan haar by met die geboorte van die eerste kind op aarde (Gen 4:1). Sy was oorstelp van vreugde. Later jare word ‘n boetie vir hom gebore. Nou was die aardse bevolking op koers maar, o weë, dié twee seuns was skaars volgroeid of die oudste vermoor die jongste.

So gaan dit baie, baie jare lank met die aardbewoners. Kinders word gebore, word groot maar sterf ook weer. Droewige jare so al deur die eeue want die mens was deur sonde vir ewig van God geskei en self kon hy nie ‘n brug na die hemel bou nie.

Maar toe, eendag, besluit die Here, genoeg is genoeg en stuur Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus na die spartelende mensdom toe. Op Kersnag het dit gebeur. In ‘n stal is Hy gebore. In ‘n krip is Hy neergelê.

Daardie nag het God die Paradys teruggebring na die mens en dit eerste aan eenvoudige skaapwagters bekend gemaak.

*En meteens staan daar ‘n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle ‘n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is. En dit is vir julle die teken: julle sal ‘n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê. En skielik was daar saam met die engel ‘n menigte van die hemelse leërskare wat God prys …* (Luk 2:9-13).

Ja vir die mens was hierdie Jesus ‘n groot geskenk, want van toe af is die Paradys se hek weer oop sodat elkeen wat wil, na God kan ingaan, maar vir Jesus het dit duur te staan gekom want om God se Hek te kon wees, moes Hy 33 jaar later aan ‘n kruis sterf om eers die mens se sondeskuld te betaal.

*… Jesus Christus, … wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy* bloed (Openb 1:5).

*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* (Joh 3:16).

*Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.* (Rom 6:23).

Hoe jammer tog dat so vele mense sterf sonder om ooit die geskenk van die nuwe Paradys uit die hand van God aan te neem. Tog is dit so maklik. Sluit jou oë, rig jou Hart in geloof op die Here en sê: “Here, ek loop nog heel my lewe my eie pad, maar nou gee ek myself aan U oor om U vir altyd te dien en lief te hê. Dankie Jesus dat U ook vir my gesterf het. Amen.

As jy dit met ‘n gelowige hart gebid het, het jy ‘n kind van God geword en sal Hy jou eendag met vreugde in Sy hemel-huis ontvang. (Joh 1:12).

Maar ek wil ook op hierdie Kersfees praat met jou wat lank reeds die hart vir Jesus oopgemaak het. Is Kersfees werklik vir jou ‘n Christus FEES, want dit is tog wat die woord beteken, of het jy die FEES uit jou wandel met Christus verloor? Is jou Bybelstudie vir jou ‘n FEES? Is jou gebed vir jou ‘n FEES? Is jou saamkom met ander kinders van God vir jou ‘n FEES? Is jou werk ‘n FEES? Is jou huwelik ‘n FEES? As dit nie so is nie, mis jy ‘n stukke hemel, ‘n stukkie Paradys op aarde.

Dit is hierdie innerlike geestelike FEES wat dit moontlik maak om die aanslae wat op ons neerreën af te weer. Hoor wat sê Nehemia wat Jerusalem se mure onder groot druk herbou het:

*Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.* (Neh 8:11).

Di’s jou geestelike sambreel, hierdie blydskap in die Here, maar jy moet hom oopspan, wyd oopspan elke môre as jy opstaan en hom oopgespan hou waar jy ookal rondgaan. **DIE BLYDSKAP IN DIE HERE IS JOU BESKUTTING**, maar veel meer kan daaroor gesê word:

**BLYDSKAP IN DIE HERE IS ‘N OPDRAG** want Paulus skryf:

*Wees altyddeur bly.* (1Thes 5:16). *Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!* (Fil 4:4).

**BLYDSKAP IN DIE HERE IS ‘N KEUSE** wanneer ons deur moeilike situasies gaan:

*En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister.* (Hand 16:26).

**BLYDSKAP IN DIE HERE BRING BEVRYDING**

*En skielik kom daar ‘n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.* (Hand 16:26).

Ongelukkigheid van hart perk jou in sodat jy nie jou potensiaal kan bereik en jou roeping kan verwesentlik nie, maar geestelik blydskap skud hierdie bindinge van jou af.

**BLYDSKAP IN DIE HERE BRING DIE WAARWORDING VAN JOU BEGEERTES**

*… en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.* (Ps 37:4).

Is jy bedruk, ongelukkig, suur, bekommerd, net nie lekker nie, gebruik jou geloof, span oop jou BLYDSKAP SAMBREEL en ondervind ‘n nuwe soort van lewe in Christus, ‘n stukkie van die hemel hier op aarde.